

36 Besoedeling: Wat is dit?

Kwartaal 3 – Week 3–4



Ons praat

Kyk na die prent en gesels daaroor. Is daar enigiets in die prent wat jy al tevore gesien het? Watter dinge in die prent lyk vir jou sleg of verkeerd? Waarom lyk dit verkeerd?



Ons lees

Wat is besoedeling?

Die besoedeling wat ons veroorsaak is sleg vir mense, diere en plante. Ons word siek en dinge hou op met groei en kan doodgaan. Daarby maak besoedeling ons omgewing baie lelik.

Besoedeling gebeur wanneer ons ons aarde bemors. Wanneer ons die lug, water en grond op aarde vuil maak, besoedel ons dit. Wind, water, reën en die son kan die aarde help om weer skoon te kom. Maar wanneer daar te veel besoedeling is, kan die aarde homself nie meer skoonmaak nie.

